**OMGEWINGSIMPAKSTUDIE-PROSES**

**VOORGESTELDE VESTIGING VAN DIE STEELPOORT POMPOPGAARSKEMA EN MEEGAANDE INFRASTRUKTUUR IN DIE STEELPOORT OMGEWING, MPUMALANGA EN LIMPOPO PROVINSIES DEAT VERWYSINGSNOMMER: 12/12/20/858**

# KENNISGEWING VAN OPENBARE VERGADERING EN DIE BESKIKBAARHEID VAN DIE KONSEP-OMGEWINGSBESTEKOPNAMEVERSLAG VIR OPENBARE INSAE EN KOMMENTAAR

In September 2006 is kennis gegee ingevolge die Omgewingsimpakstudieregulasies gepubliseer in Regeringskennisgewing No. R.386 en R.387 van 2006, ingevolge Artikel 24 (5) van die Nasionale Omgewingsbestuurswet (Wet No. 107 van 1998), van Eskom se voorneme om ‘n pompopgaar kragopwekkingsfasiliteit te vestig in die Steelpoort omgewing, Limpopo en Mpumalanga Provinsies.

## *KENNISGEWING VAN BESKIKBAARHEID VAN DIE KONSEP-OMGEWINGSBESTEKOPNAMEVERSLAG*

Ons wil graag hiermee alle Geïnteresseerde en Belanghebbende Partye (G&BPe) in kennis stel dat die konsep Omgewingsbestekopnameverslag (OBV) vir ‘n tydperk van 45 kalenderdae beskikbaar is vir openbare insae en kommentaar, vanaf **17 November 2006** tot **1 Januarie 2006**. Die verslag bevat die bevindinge en aanbevelings van die spesialisstudies wat tot dusver onderneem is. ‘n Elektroniese kopie van die verslag is beskikbaar op die webwerwe van Eskom (www.eskom.co.za) en Bohlweki Environmental (www.bohlweki.co.za). Harde kopieë van die verslag is ook by die volgende openbare plekke beskikbaar vir insae:

- Die kantore van Bohlweki Environmental, Kyalami, Gauteng Provinsie;
- Groter Sekhukhune munisipale kantore;
- Groter Tubatse munisipale kantore;
- Elias Motsoaledi munisipale kantore;
- Steelpoort Poskantoor;
- Roossenekal Openbare Biblioteek;
- Roossenekal Poskantoor; en
- Groblersdal Openbare Biblioteek.

## *KENNISGEWING VAN OPENBARE VERGADERING*

Alle individue of groepe wat geïnteresseerd is in, of geaffekteer mag word deur, die projek word hiermee uitgenooi om ‘n Ope-dag by te woon wat op **Donderdag 23 November 2006** vanaf 16h00 tot 18h00 gehou sal word by die **Mapochs Myn Ontspanningsklub, Roossenekal**. Die Ope-dag sal gevolg word deur ‘n openbare vergadering, wat vanaf 18h00 tot 20h00 gehou sal word. Hierdie Ope-dag en openbare vergadering sal aan G&BPe inligting bide aangaande die voorgestelde projek en sal ook ‘n geleentheid bide om enige kwessies of kwellinge te opper.

Indien u enige verdure inligting verlang, is u welkom om die volgende persone te kontak:

**Sibongile Hlomuka** of **Louise Agenbag** by **Bohlweki Environmental**
Posbus 11784
Vorna Valley
MIDRAND, 1686
Tel: (011) 466-3841
Faks: (011) 466-3849
E-pos: steelpoortpss@bohlweki.co.za